

# DISSIPELSKAP

# LES 41

<b>1</b>	<b>GEBED</b>
----------	--------------

*Bid vir God se leiding deur sy Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor die maak van dissipels toe aan die Here.*

<b>2</b>	<b>AANBIDDING</b> (20 minute) <b>[UITDRUKKINGS VAN AANBIDDING]</b> <b>BEWONDER GOD</b>
----------	---

## **Meditasie.**

Aanbidding is uitdrukking van jou verhouding tot God.

**Tema: Bewonder God.**

*Lees saam* **Openbaring 4:1-11**. Lees die uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

Die apostel Johannes sien in 'n visioen die troon van God in die hemel. Dit is so groots en mooi dat hy nie gewone woorde kan vind om dit te beskryf nie. Hy gebruik dus beelde of simbole wat baie meer sê as wat die letterlike betekenis van die beeld of simbool uitdruk.

### **1. Die troon.**

Johannes het **die troon** van God in die hemel gesien (4:2). Dis nie die aarde, of die son, of 'n sterrebeeld wat in die middelpunt staan van alles wat bestaan nie, maar God wat op s troon sit! Alles wat in die heelal gebeur, op aarde en in die wêreldgeskiedenis word nie bepaal en gevorm deur die regeerders van hierdie wêreld, of deur die rykes, die sluwe mense en die magtiges nie, nie deur die massamedia, nie deur bese magte of onpersoonlike magte soos die sterre nie, maar deur die wil van God wat op sy troon zit. God heers van alle ewigheid af en tot in alle ewigheid (Psalm 93:1-2; Psalm 145:13; Psalm 146:10). Niks kan van God se heerskappy uitgesluit word nie (Jesaja 14:24,27)! God het alles geskep, omdat Hy dit wou doen/gewil het (4:11). Hy het j<sup>ou</sup> ook geskep, omdat Hy jou wou gemaak het!

### **2. Die uitstraling (glans).**

#### **(1) Die uitstraling van kleure.**

Johannes het God se **uitstraling** gesien (4:3), nie God Self nie. Hy beskryf ook nie die beeld of die verskyning van God nie. Die Een wat op die troon sit, se uiterlike was tegelyk soos die van jaspis en karneool. Daar was 'n reënboog rondom die troon met die glans van smarag.

“Die jaspis”, 'n soort deurskynende diamant (Openbaring 21:11), verteenwoordig die uitstraling van God se onbeskryflike heerlikheid of heiligheid. Die rooi jaspis, die kleur van bloed, verteenwoordig die uitstraling van God se regverdige oordeel. Die groen van die smarag, die kleur van lewe, verteenwoordig die uitstraling van God se barmhartige verlossing. Die veelkleurige reënboog simboliseer God se pragtige karakter in verlossing, die veelkleurige wysheid van sy verlossingsplan (Efesiërs 3:10) en sy liefdevolle trou teenoor hulle wat in Hom glo en Hom gehoorsaam (Genesis 9:12-17; Ezeziël 1:28).

Die boodskap vir God se Nuwe-Testamentiese Gemeente. In God se heerlike en heilige karakter (die deurskynende jaspis) kan God se heilige en regverdige woede en oordeel teen kwaaddoeners (die rooi van die sardis) en God se liefdevolle trou tot verlossing en nuwe lewe van mense wat Hom vertrou (die groen van die smarag) nie geskei word nie! Vir die gelowige van die Ou- en die Nuwe-Testamentiese periodes is die storm van God se oordeel al verby! “Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie” (Romeine 8:1)! Die reënboog van God se getroue belofte m.b.t. volkome regverdiging deur geloof in die voltooië verlossingswerk van Christus skitter vir ewig (Romeine 5:1)! Hierdie drie kenmerke van God se karakter straal uit sy troon. God regeer vir ewig in heerlike heiligheid, met regverdige oordeel en troue verlossing.

#### **(2) Die weerligstrale, dreunings en groot donderslae.**

“Daar het **weerligstrale, dreunings en donderslae** van die troon af gekom” (Openbaring 4:5). Hierdie natuurverskynsels wek vrees en ontsag by die mense. Hierdie dinge is uitdrukkinge van God se grootheid, mag en majesteit, as Hy sy wil openbaar.

Dit het ook gebeur toe God die Tien Gebooe geopenbaar het by die Sinai-berg (Eksodus 19:16;20:18), en toe Hy sy genade aan Job geopenbaar het (Job 37:2-7,13b). Ook hier gebeur dit as Hy sy heerskappy oor die heelal aan Johannes openbaar (Openbaring 4:5) en as Hy sy oordele openbaar (Job 37:8-13a; Openbaring 8:5; Openbaring 11:19; Openbaring 16:18).

### **3. Die Goddelike Wese.**

Johannes het **7 brandende fakkels** voor God se troon gesien (4:5). Hulle verteenwoordig die volheid van die Heilige Gees (vergelyk ook Openbaring 1:4-5). Hy het ook Jesus Christus in die middel van die troon gesien staan, soos 'n lam wat geslag is (Openbaring 5:6). Die één Goddelike Wese openbaar Hom aan die mense in drie Bestaanswyses (vgl. Openbaring 1:4-5).

- Hy het Hom geopenbaar as God die Vader Wat die raadsbesluite neem.
- Hy het Hom geopenbaar as God die Seun wat die menslike natuur by sy goddelike natuur aangeneem het en sy eie skepping en die menslike geskiedenis binne getree het en God se raadsbesluit oor openbaring, verlossing, oordeel en herskepping uitgevoer het.
- En Hy het Hom geopenbaar as God die Gees wat in Christene woon en d.m.v. die Christelike Gemeente God se raadsbesluite toepas in individue se lewens.

Hierdie Éen Goddelike Wese is die God van die Bybel en Hy alleen sit op die troon in die hemel!

### **4. Die vier lewende wesens.**

Johannes het **4 lewende wesens** rondom die troon sien staan (4:6-7). Dit is hemelse wesens, wat die geskape heelal met sy lewende skepsels verteenwoordig. Die totale geskape heelal is die teater van God se heilsgeskiedenis. Die taak van die vier lewende wesens is om God se heerlijkheid in sy skeppingswerk en in sy heerskappy oor die skepping en sy heerskappy oor die geskiedenis te bevorder (4:8).

### **5. Die vier-en-twintig ouderlinge.**

Johannes het **24 ouderlinge**, gesien wat op 24 trone sit rondom God se troon (4:4). In die Ou-Testamentiese diens van aanbidding het koning Dawid 24 afdelings van priesters aangestel as dienaars van God in sy aardse heiligdom (1 Kronieke 24:1-19).

In die Nuwe-Testamentiese diens van aanbidding is daar 24 ouderlinge wat as dienaars van God in sy hemelse heiligdom dien. Hierdie ouderlinge is één van die hoogste ordes van engele wat God se één volk in die Ou Testament (verteenwoordig deur die 12 stamme) en in die Nuwe Testament (verteenwoordig deur die 12 apostels) verteenwoordig (Openbaring 21:12-14). Die taak van die vier-en-twintig ouderlinge is om God se heerlijkheid in sy skeppingswerk (4:11) en in sy verlossingswerk in die skepping te bevorder (Hebreërs 1:14).

### **6. Die spieëlgladde see, helder soos kristal.**

#### **(1) Simboliese betekenis van die koper waskom (Openbaring 4:6).**

Johannes het **die spieëlgladde see**, wat helder is soos kristal, gesien wat voor God se troon uitgestrek is (Openbaring 4:6).

In die Ou Testament het die koper waskom tussen die brandofferaltaar en die deur van die tempel gestaan. Die priesters moes hulleself met water reinig voordat hulle die tempel binnengegaan het om diens te doen (Eksodus 30:17-21; 1 Konings 7:23-26).

In die Nuwe Testament (Openbaring 4:6) is die spieëlgladde see 'n simbool vir God se teenwoordige verlossing wat deur die bloed van die Lam volkome regverdig en transparant is. Christene het simbolies hul klere daarin witgewas. Hy sê toe vir my, “Dit is dié wat uit die groot verdrukking<sup>1</sup> kom. Hulle het hulle klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam (Openbaring 7:14). God se heerskappy uit die hemel lei tot verlossing van Christene van alle volke op aarde, sodat hulle in volmaakte vrede en harmonie met God mag lewe (Romeine 5:1).

#### **(2) Simboliese betekenis van die see (Openbaring 15:1-2).**

“En ek het iets soos 'n spieëlgladde see met vuur daarin gesien. Die mense wat die oorwinning behaal het oor die dier en sy beeld en die getal van sy naam, het by die spieëlgladde see gestaan met sifers wat hulle van God gekry het. Hulle sing die lied van Moses, die dienaar van God. Dit is ook die lied van die Lam: “Groot en wonderbaarlik is u dade, Here God, Almagtige. Reg en betroubaar is u optrede, Koning van die nasies” (Openbaring 15:2-3).

In die Ou Testament het Moses saam met die Israëliete gestaan by die Rooi See, nadat God Faraó met sy magtige leër en strydwaens in die Rooi See verdrink het (Eksodus 13:21-22; Eksodus 14:19,24). God het die Egiptiese leër verwar en het hulle in die Rooi See ingevee. Die water van die see het soos 'n tsunami op hierdie vyande van Israel geval. Niemand het dit oorleef nie!

In Openbaring 15:2-3 moet ons die Rooi See waar Faraó met sy soldate verdrink het, in gedagte hou (Exodus 15:1b). “Die spieëlgladde see” simboliseer God se definitiewe en beslissende oordele (Openbaring 16) wat volkome regverdig en deurskynend is. Die vuur simboliseer God se heilige en regverdige toorn waardeur Hy sy laaste oordeel oor die sonde voltrek. Die vyande van Christene (gelowiges) kom so om.

<sup>1</sup> Grieks: thlipsis, meervoud. Die verdrukking tydens hul lewe op die aarde. Dis nie dieselfde as “die groot verdrukking” (enkelvoud) aan die einde van die geskiedenis nie (Matteüs 24:21).

“Die spieëlgladde” oppervlakte simboliseer:

- dat God se heilige en regverdige toorn en straf volkome deursigtig sal wees
- dat alles op en bloot lê voor God (Hebreërs 4:13)
- dat na die laaste oordeel niks wat sondig of verwerplik is voor God se aangesig bly bestaan nie (Openbaring 21:8,27).

Nadat God sy finale oordeel oor die goddelose en onregverdige mense op die aarde uitgevoer het, sal sy heiligheid en regverdigheid in die laaste oordeel volkome onbesmet bly uitstaan. Dit sal vir almal volkome duidelik wees dat God volkome regverdig geoordeel het. Geeneen van God se motiewe, woorde of dade sal verdag of twyfelagtig wees nie! Niks sal verborge wees nie. Almal sal sê, “Groot en wonderbaarlik is u dade, Here God, Almagtige. Reg en betroubaar is u optrede, Koning van die nasies, hulle sal sien dat u handelwyse regverdig is” (Openbaring 15:3-4)!

## **7. Universele aanbidding.**

Johannes het hulle **aanbidding gesien** en hulle **bewondering en lofprysing** gehoor (Openbaring 4:8-11). God se doel met sy ewige raadsbesluit is dat alles en almal in die geskape heelal God onophoudelik sal bewonder, prys en aanbid!

### **Aanbidding**

*Laat* elkeen van ons, skepsels van die Lewende God wat op die troon sit, om die beurt (in één of twee sinne) God se heerskappy prys of bewonder.

<b>3</b>	<b>DEEL</b> (20 minute)	<b>[STILTETYE]</b> <b>2 SAMUEL 15,17,18 en 22</b>
----------	-------------------------	--

*Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks* wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (2 Samuel 15,17,18 en 22). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op dit wat hy deel nie.

<b>4</b>	<b>ONDERRIG</b> (70 minute)	<b>[VERHOUDINGS]</b> <b>DIE VERHOUDING TUSSEN KINDERS EN OUERS</b>
----------	-----------------------------	---

**As om DIE WET te verstaan 'n belangrike saak is  
bestudeer dan supplement 16:  
Die Wet in die Ou Testament is vervul,  
veral die gee van tiendes.**

Hierdie studie wil ernstig poog om 'n ouer of kind te wees soos God dit wil hê.

Die praktiese toepassings is net voorstelle wat Christene biddend kan toepas in hul eie kultuur.

## **A. VERANTWOORDELIKHEDE VAN OUERS TENOOR HULLE KINDERS**

### **1. Die verantwoordelikhede van ouers in hulle huwelik.**

*Lees* Efesiërs 5:22-33; (Kolossense 3:18-19; Johannes 13:34-35).

*Ontdek en bespreek.* Wat is die Godgegewe verantwoordelikhede van mans en vrouens in die huwelik?

*Aantekeninge.* Die man en vrou moet veral 'n goeie voorbeeld voorhou van hoe getroudes met mekaar hoort om te gaan. Die man moet 'n voorbeeld stel van hoe 'n man sy vrou dien deur haar lief te hê soos Christus die Gemeente liefgehad het en haar tot 'n stralende vrou laat ontwikkel. En die vrou moet 'n voorbeeld wees van hoe 'n vrou haar man dien deur hom uit te nooi tot 'n persoonlike en intieme verhouding en hom te help om sy beste vir Christus te gee. Hulle moet ook 'n voorbeeld wees in hoe hulle met hulle kinders en ander mense omgaan.

### **2. Die verantwoordelikheid van ouers in hulle ouerskap.**

*Lees* Efesiërs 6:4; (Kolossense 3:21; 1 Timoteus 3:4-5 en Titus 1:6; Titus 2:4-5).

*Ontdek en bespreek.* Wat is die Godgegewe verantwoordelikhede van ouers teenoor hulle kinders?

*Aantekeninge.* Vaders mag nie hulle kinders moedeloos maak nie, veral nie deur gedurig by hulle fout te vind nie. Vaders is primêr verantwoordelik vir die opvoeding van hulle kinders. Hy moet hulle opvoed in die onderwysing en teregwyding van die Heer. Hy moet sy eie gesin goed bestuur. En hy moet sy kinders leer om hulle pa en ma te gehoorsaam en te respekteer.

Moeders moet hulle kinders liefhê. Hulle moet in die huisgesin die versorging hanteer. En hulle moet sorg dat hulle gedrag nie die Woord van God in oneer bring nie.

## **B. VADERS, MOENIE JULLE KINDERS MOEDELLOS MAAK NIE**

**Onderrig.** God spreek tot die man as die hoof van die huishouding (gesin). Die moeders moet hulle help om hierdie taak so goed moontlik uit te voer (Genesis 2:18).

Vaders moenie hulle kinders verbitterd maak nie. Die woord beteken: 'n kind irriteer en kwaad maak sodat hy moedeloos en depressief word. Deur goed op die reaksies van kinders te let kan jy weet of hulle moedeloos en selfs depressief word. Byvoorbeeld, woede aanvalle, hulle van hulle ouers onttrek of hul ouers opgee. Hierdie reaksies van kinders is 'n aanduiding dat die vader op 'n verkeerde manier met hulle omgaan.

Vaders moet respek aan hulle kinders leer, deur tyd met hulle kinders te bestee:

- om hulle eie oortuigings te ontwikkel en foute te maak
- om verantwoordelikheid te ontwikkel deur verantwoording te doen oor wat gedoen is
- om goeie en volwasse verhoudings met ander mense te ontwikkel

### **1. Laat julle seuns en dogters verantwoordelikheid ontwikkel en daarby ook aanspreeklikheid aanvaar.**

#### **(1) Die doel van die ouers is om verantwoordelikheid te ontwikkel.**

Die doel van ouers moet nie wees om hulle kind te behaag nie, maar om hulle kind te ontwikkel tot 'n goed gebalanseerde volwassene!

**Bespreek.** Wat kan jy verwag as jy altyd jou kinders hulle sin wil gee?

**Aantekeninge.** Hulle word bedorwe kinders wat altyd net aan hulle selfsugtige begeertes aandag gee.

Verantwoordelike volwassenes het geleer om verantwoordelikheid te neem vir elke terrein van hulle lewe. Die belangrikste terreine is die volgende: hulle houding, hulle studie op skool, hulle take in die huis, hoe hulle met geld moet omgaan, dat hulle op hulle eie, selfstandig, kan reis, hoe hulle goeie vriende maak en slegte vriende uitlos, hoe hulle die tydsgees en groepsdruk van hulle tydgenote kan weerstaan, hoe hulle moet reageer op die menings van andere en veral hoe hulle 'n persoonlike verhouding met God kan begin en ontwikkel.

#### **(2) Verskillende fases in die ontwikkeling van verantwoordelikheid.**

**Onderrig.** Jy kan die periode van minderjarigheid tot volwassenheid in vyf fases verdeel.

**As hulle nog babatjies is.** Dan doen jy omtrent alles vir hulle. Jy maak al die beslissings en keuses vir die kind en voer dit ook uit. As ouer is jy 100% verantwoordelik aan God vir wat jy met en vir die kind doen.

**As hulle kinders is.** Dan doen jy dinge saam met hulle. Bedink en organiseer baie dinge wat jy saam met die kind kan doen. Maak saam besluite en keuses en voer hulle ook saam uit. Leer die kind soveel as moontlik waarhede, waardes, gewoontes en vaardighede. Wees self 'n voorbeeld vir die kind in alles wat jy sê en doen. Stel standarde vir kwaliteit en voortreflikheid. Handhaaf regverdige, morele en geestelike waardes, wat die kind kan navolg. Toon aan die kind dat jy jou lewe aan God en aan God se Woord onderwerp. Wys vir hom 'n voorbeeld van verantwoordelike gedrag en van verantwoording doen aan God wat alles sien.

**As hulle tieners is.** Laat die kind steeds meer dinge alleen doen, maar wel onder toesig. Gaan voort om dinge saam met die tiener te doen, maar delegeer verantwoordelikheid op alle terreine waar die tiener verantwoordelikheid kan vat en bereid is om verantwoording daarvoor af te lê. Hoe meer vryheid jy aan die tiener gee, des te groter is sy verantwoordelikheid enerzijds en sy plig om verantwoording af te lê anderszijds. Vryheid beteken nie dat die tiener vry is om enige iets te doen wat hy wil nie, of dat hy dinge mag doen waarvoor hy geen verantwoording hoef af te lê nie. (vergelyk Deuteronomium 12:8; Rigters 21:25). Gee die tiener baie kanse om besluite en planne te maak en om, onder jou toesig, dinge te sê en te doen. As ouer is jy nog steeds die een wat die laaste verantwoordelikheid dra en is jy verantwoording aan God verskuldig.

**As hulle jong volwassenes is.** Laat die jong volwassene alles alleen doen, maar nog wel met die verpligting om verantwoording af te lê. Delegeer alle verantwoordelikheid aan hom saam met die verpligting om verantwoording aan jou af te lê. Maak seker dat hy sy verantwoordelikheid begryp en dat hy van nou af 100% verantwoordelik is en verantwoording moet doen vir alles wat hy sê en doen, verseker aan jou as ouer so lank hy nog by jou in die huis woon, maar uiteindelik verantwoording moet doen aan God.

**As hulle volwassenes is.** Laat die volwassene los. Erken en aanvaar sy volkome onafhanklikheid. Kinders hou op om "kinders" te wees as hul volwasse geword het; as hulle die huis verlaat om te gaan studeer of te gaan werk; en verseker as hulle gaan trou. Omdat dit vir baie ouers moeilik bly om hulle kinders los te laat, beveel God die kinders om hulle ouers te verlaat (Matteus 19:5)!

**Volwasse kinders ontvang hulle verantwoordelikhede van God en bly aan God verantwoording verkuldig.** Natuurlik het ouers nóg verantwoordelikhede teenoor hulle volwasse kinders, maar hulle het geen gesag meer oor hulle nie. Die voortgaande verantwoordelikheid van die ouers is om hulle volwasse kinders te bly liefhê, vir hulle te bid, kontak met hulle te behou, hulle advies en hulp te gee as hulle daarvoor vra en hulle te waarsku as dit nodig is.

## **2. Laat julle seuns en dogters hulle eie oortuigings ontwikkel.**

### **(1) Die doel van ouers is om hulle kinders te help om hulle eie oortuigings te ontwikkel.**

“’n Persoonlike oortuiging” is:

- ’n (Bybelse) waarheid wat ’n mens persoonlik glo
- en waaraan hy homself persoonlik toewy om dit uit te lewe

Persoonlike oortuigings is dus duidelik iets anders dan alleen maar “kennis” en “menings”.

Die doel van ouers moenie wees dat hulle kind op hulle oortuigings bly voortdobber nie, maar dat hulle kinders hulle eie oortuigings, geloof, waardes en prioriteite ontwikkel.

**Bespreek.** Hoe kan jy kinders help om hulle eie oortuigings te ontwikkel?

**Aantekeninge.** Wanneer ouers absolute gehoorsaamheid aan hulle oortuigings bly eis van hulle kinders, kan die kinders nie opgroei tot volwassenheid m.b.t. eie oortuigings, geloof, waardes, en prioriteite en kan hulle nie opgroei om dinge selfstandig te doen nie!

### **(2) Verskillende fases in die ontwikkeling van oortuigings.**

**Leer.** Die ontwikkeling van ’n oortuiging het drie stappe:

**Ontdek die waarheid saam met die kind,** byvoorbeeld uit die Bybel. Bybelse beginsels vorm altyd die grense vir beslissings en keuses wat christene maak.

**Laat die kind ’n geskikte toepassing bedink.**

Terwyl die Bybelse waarheid nooit verander nie, is daar meer as één moontlike toepassing van elke waarheid.

**Bespreek die gevolge en implikasies van sy beslissing of keuse met hom.** Byvoorbeeld, die Bybel leer twee beginsels m.b.t. kleredrag: klere moet altyd moreel aanvaarbaar (Efesiërs 5:5) en kultureel aangepas vir die geleentheid (1 Korintiërs 10:31-33) wees. Binne hierdie morele en kulturele grens het die kind dan vryheid om te besluit of te kies. Die ouer bespreek daarna die gevolge en implikasies van sy beslissing of besluit en die effek of invloed wat die beslissing of keuse op homself en op andere sou kon hê.

## **3. Laat jou seuns en dogters volwasse emosies en verhoudings opbou.**

### **(1) Die doel van ouers is dat hulle kinders volwasse emosies en verhoudinge ontwikkel.**

Die doel van ouers moenie wees dat hulle ’n gemaklike verhouding met hulle kind het nie, maar wel ’n volwasse verhouding. Hulle wil hulle nie net onafhanklikheid leer nie, maar ’n gesonde wedersydse afhanklikheid! Terwyl die westerse kultuur individualisme leer, leer die Bybel wedersydse liefde! ’n Volwasse verhouding word gekenmerk deur:

- elke persoon verantwoordelikheid neem vir sy eie houding, woorde en dade
- elke persoon sy eie oortuiging openlik uitspreek en daarvolgens lewe
- elke persoon sy eie emosies opreg uitdruk met inagneming van die gevoelens van die ander
- elke persoon ’n gesonde wedersydse afhanklikheid ontwikkel

### **(2) Die ontwikkeling van volwasse emosies.**

**Bespreek.** Hoe kan jy tieners help om hulle emosies enersyds opreg en andersyds op ’n volwasse wyse uit te druk?

**Aantekeninge.** Tieners het sterk emosies en gee definitief uitdrukking daaraan! Ouers vind die uiting van sterke emosies soos irritasie, boosheid, gekreeu, beskuldigings, huil en bakleiery nie aanvaarbaar nie. Daarom probeer hulle ook hierdie uitings van emosies onderdruk.

- Maar die tiener probeer net sê, “Dit is soos ek is!” “Dis hoe ek voel!” “Aanvaar my soos ek is!” Tieners wil meestal eerlike verhoudings hê, terwyl ouers dikwels rustige verhoudings wil hê!
- As die emosies van tieners steeds onderdruk word, begin hulle dan hul emosies op allerlei asosiale maniere uit te druk. Hulle gaan leuens vertel, misdade pleeg, betrokke raak in dwelms, onwettige seks, en geweld. Of hulle gee uiting aan hulle frustrasies in allerlei emosionele probleme soos depressie, onttrekking, ontvlugting, verborge boosheid, bitterheid en ’n slegte houding. Daarom is dit belangrik dat ouers hulle kinders toelaat om aan hulle frustrasies en boosheid uiting te gee. Maar help hulle om in liefde en met selfbeheersing die waarheid te praat.

### **(3) Die ontwikkeling van volwasse verhoudings.**

**Bespreek.** Hoe kan jy jongmense help om volwasse en gesonde wedersydse verhoudings te ontwikkel?

**Aantekeninge.** Die Bybel plaas elke gelowige in ’n spesifieke familie, ’n spesifieke gemeente, en ’n spesifieke gemeenskap. Die wêreldbeskouing van die Bybel ken nie net individue wat elkeen sy/haar eie pad gaan nie, maar individue in gesinne, in gemeentes en in gemeenskappe. In die wêreldbeskouing van die Bybel het elke Christen ander Christene nodig en maak elke Christen ’n besondere bydrae vir andere. Dus behoort sowel die ouers as die kinders mekaar aan te moedig om saam dinge te doen, om van mekaar te leer en mekaar te dien.

#### **(4) Voorbeelde van ongesonde afhanklikheidsverhoudings.**

- Bepaalde moeders wil graag hulle volwasse kinders afhanklik hou. Hulle wil steeds nodig voel.
- Bepaalde volwasse kinders kan nie die oorheersing en kontrole van hulle ouers verlaat nie.
- Bepaalde manne soek in hulle vrou 'n surrogaat moeder.
- Bepaalde vrouens probeer om 'n barmhartige verpleegster vir hul swak man te wees.
- Die Bybel veroordeel homoseksuele en lesbiese uitdrukkings in verhoudings. Die Bybel veroordeel nie die seksuele oriëntasie van mense niet, maar wel die uitdrukking (praktisering) van verbode seksuele dade: geslagsgemeenskap binne 'n familie (bloedskande) (Levitikus 18:6), owerspel (Levitikus 18:20), homoseksuele verhoudings (Levitikus 18:22), geslagsgemeenskap met 'n dier (Levitikus 18:23) en seks vóór en buite die Christelike huwelik (Hebreeërs 13:4).

### **C. VADERS, MAAK JULLE KINDERS GROOT MET DIE TUG EN VERMANING VAN DIE HERE**

*Leer.* Die twee belangrikste verantwoordelikhede van 'n vader is: Bemin die moeder van die kind en voed die kind op!

- “Voed hulle op in die tug van die Here” (AOV Efesiërs 6:4) beteken: leer die kind die waarhede van die Bybel.
- “Voed hulle op in die vermaning van die Here” beteken: oefen die kind in gehoorsaamheid aan die Bybelse waarhede.

Die moeder behoort die vader in hierdie take te help (Genesis 2:18).

#### **1. Rus jou kinders toe om goeie burgers te wees in die wêreld.**

*Lees* Spreuke 22:6; Spreuke 13:24; Spreuke 17:21 en 23:24; Lukas 2:52; 1 Korintiërs 13:4-8.

*Ontdek en bespreek.* Wat is die belangrikste terreine van opvoeding?

*Aantekeninge.* Oefen 'n kind van kleins af om die regte weg te volg. Wanneer hy oud is sal hy nie daarvan afwyk nie. Gesonde gesinne is die boustene van 'n gesonde volk!

##### **(1) Middele van die opvoeding. Oefening/afrigting beteken:**

- om die waarheid in praktyk te bring
- om hulle voortdurend aan te spoor, te bemoedig, hul vooruitgang te waardeer en hulle initiatiewe aan te beveel
- om hulle te dissiplineer/tugtig as dit regtig nodig is.

##### **(2) Terreine van opvoeding.**

- voed hulle op tot intellektuele, emosionele, liggaamlike, geestelike en sosiale volwassenheid.
- voed hulle op om wys te word.
- voed hulle op om lief te hê. Liefde beteken: geduld, vriendelikheid, beskeidenheid, nederigheid, goeie maniere, onselfsugtigheid, selfbeheersing en vergewingsgesindheid.

#### **2. Rus jou kinders toe om goeie burgers in die Koninkryk van God te wees.**

*Lees* Spreuke 14:26; Spreuke 20:7; Deuteronomium 6:4-9.

*Ontdek en bespreek.*

Waarom is dit belangrik dat ouers 'n voorbeeld stel?

Waarom is die Bybel so belangrik in die opvoeding?

### **D. VERANTWOORDELIKHEDE VAN KINDERS TENOOR HULLE OUERS**

Wat is die verantwoordelikhede van kinders teenoor hulle ouers? Kinders behoort te besef hoe kosbaar hulle ouers is, selfs al is hulle nie volmaak nie. Ouers hou van hulle kinders, maar het die samewerking van hulle kinders nodig om goeie ouers te wees!

*Lees* Efesiërs 6:1-3; (Romeinen 13:1-2; Kolossense 3:20; Spreuke 23:22-25).

*Ontdek en bespreek.* Wat is die spesifieke Godgegewe verantwoordelikhede van kinders?

*Aantekeninge.* Hierdie twee verantwoordelikhede is die grootste geskenke wat 'n kind aan sy ouers kan gee:

- gehoorsaamheid aan sy ouers as hy nog minderjarig is
- en eerbetoon aan sy ouers as hy 'n volwassene is.

### **E. KINDERS, GEHOORSAAM JULLE OUERS UIT EERBIED VIR DIE HERE**

*Leer* die volgende drie waarhede m.b.t. gehoorsaamheid aan ouers:

#### **1. Gehoorsam jou ouers solank jy nog minderjarig is.**

*Lees* Lukas 2:51 en Markus 3:20-21,31-35.

*Ontdek en bespreek.* Tot wanneer was Jesus gehoorsam aan sy ouers?

**Aantekeninge.** Die Bybel leer nie dat jy jou ouers deur jou hele lewe heen moet gehoorssam nie, soos sommige kulture in die wêreld leer nie. Die Bybel leer dat solank hy nog minderjarig is, 'n kind sy ouers moet gehoorsaam in alles wat nie teenstrydig is met die Bybel nie. Wanneer hy volwasse is, moet hy nog steeds sy ouers eer. Maar eerbetoon aan jou ouers is NIE gelyk aan gehoorsaamheid aan jou ouers nie.

'n Kind is volwasse as:

- hy nie meer afhanklik is van sy ouers nie
- hy die huis verlaat om te gaan studeer of werk
- hy gaan trou.

God se bevel dat kinders hulle ouers moet gehoorsaam het 'n tydslimiet, naamlik tot wanneer kinders volwasse geword het. Maar God se bevel dat kinders hulle ouers moet eer het geen tydslimiet (grens) nie!

## **2. Gehoorsaam jou ouers in alles wat nie teen die Bybel is nie.**

*Lees* Matteus 10:37; (Markus 7:1-13; Handeling 4:19-20; Handeling 5:29; 1 Korintiërs 9:19-23).

**Bespreek.** Onder watter omstandighede moet jy Jesus Christus meer liefhê as jou ouers?  
En onder watter omstandighede mag jy jou ouers behaag?

**Aantekeninge.** 'n Christen hoort sy ouers in die volgende gevalle sagmoedig, maar beslis tereg te wys:

- As jou ouers iets van jou vra wat verkeerd is in die oë van God
- as hulle jou vervolg omdat jy 'n Christen is of geword het
- as hulle van jou eis dat jy jou familie bó Jesus Christus moet stel
- as hulle probeer om vir jou 'n huwelik te reël met 'n nie-Christen
- as hulle jou dwing om familie tradisies, gewoontes of huisreëls te volg wat onbybels is. Jy eer jou ouers alleen wanneer jy tradisies, gewoontens en huisreëls volg wat nie teen die Bybel is nie.

## **3. Gehoorsaam jou ouers omdat jy 'n Christen is.**

Efesiërs 6:1 sê letterlijk, “Kinders gehoorsaam julle ouers in die Here” (vgl. Multivertaling met ANV). Dit beteken NIE dat minderjarige kinders net hulle ouers moet gehoorsaam as hulle ouers christene is nie (d.w.s. “in die Here is”). Dit beteken dat minderjarige kinders hulle ouers moet gehoorsaam omdat die kinders christene is (d.w.s. “in die Here is”).

## **F. KINDERS, EER JOU VADER EN JOU MOEDER**

Wat is praktiese maniere om jou ouers te eer?

**Aantekeninge.** Hoewel kinders hulle ouers net moet gehoorsaam as hulle nog minderjariges is, moet hulle hul ouers altyd eer, ook as hulle meerderjarig is “Eer” beteken om 'n hoë dunk van iemand te hê, aandag aan iemand te skenk, en iemand sonder vrees, teensin of selfsug lief te hê. Hier volg vyf praktiese voorbeelde hoe om jou eie ouers, jou skoonouers en jou hemelse Vader te eer.

### **1. Eer jou ouers deur hulle nie teë te spreek of geen rusie met hulle te maak nie.**

Jy minag jou ouers as jy met hulle argumenteer oor dinge wat geen ware geestelike betekenis het nie. Byvoorbeeld, moenie met hulle twis oor watter klere gepas is om te dra nie, oor watter televisie programme te kyk nie, of oor wie die skottelgoed moet was of enige ander los werkjie moet doen nie. Teëpratery is 'n manier om aan jou ouers te sê dat hulle standpunt belaglik is.

Hoe eer jy jou ouers op 'n positiewe manier? Stel jou saak of standpunt op 'n vriendelike manier en laat God dit dan verder uitwerk op 'n wyse wat vir Hom reg is. Dit bewys dat jy glo dat God in beheer is van elke situasie. En dit bewys dat jy glo dat Hy besig is om tot stand te bring wat vir jou die beste is.

### **2. Eer jou ouers deur hulle voorstelle en advies ernstig te oorweeg.**

Jy minag jou ouers as jy nie eers hulle advies wil hoor nie. Wanneer jy steeds jou eie standpunt verdedig, sê jy vir hulle dat hulle mening nie belangrik is om te oorweeg nie.

Hoe eer jy jou ouers op 'n positiewe manier? Luister na hulle advies en leer van hulle insigte wat hulle in sake het. Terwyl jy nou nog die kans het, leer van hulle ervaring en wysheid wat hulle deur die jare opgebou het. Leer veral dinge op die gebied van hulle sterk punte, hulle talente, vaardighede, kennis en vernuf. Sommige ouers het vaardighede op die gebied van beplanning en organisering, besigheid doen en geld spaar, groente verbou en kook. Ander ouers het vaardighede op die gebied van leiding gee, onderwys, berading en dien. Jy eer jou ouers deur hulle te vra vir hulle mening, deur hul advies te oorweeg en deur van hulle te leer.

### **3. Eer jou ouers deur hulle in jou gewone lewe te betrek.**

Jy minag jou ouers as jy nie vir hulle sê wat jy dink, voel of doen nie. Sommige kinders antwoord die vraag, “Hoe gaan dit?” met, “OK (all right)”, “Goed” of “Soos gewoonlik”. Jy minag jou ouers as jy hulle uitsluit uit jou planne en geen kans gee om enige invloed op jou planne uit te oefen nie. Jy minag jou ouers as jy nie toelaat dat hulle mag deel in jou

vreugde, pyn of verdriet nie. As jy jou ouers uitsluit uit jou lewe, beslissings en keuses, sê jy vir hulle dat hulle nie werd is om mee om te gaan nie!

Hoe eer jy jou ouers op 'n positiewe manier? Praat met jou ouers. Neem die inisiatief om met hulle te praat. Vertel hulle wat jy op skool of by jou werk doen, of wat jy saam met jou vriende of in die gemeente doen. Vertel wat dit vir jou beteken om te glo; praat oor God en mense en die wêreld. Vertel hulle wat jou christelike oortuigings is, wat jy dink, voel of doen. Betrek hulle by jou planne en beslissings. Respekteer hulle insig, wysheid en ervaring. Vra hulle om advies en voorstelle. Selfs al is jou finale besluit nie wat hulle wou hê nie, sal jy hulle tog die gevoel gee dat jy geluister het, hulle advies ernstig geneem het en hulle as persoon aanvaar het. As jy jou ouers op 'n vroeë stadium betrek in die planne wat jy maak, gee jy hulle die geleentheid om die ontwikkeling van jou gedagtes en planne met jou mee te maak. Dan kom jou uiteindelige besluit nie vir hulle as 'n skok nie.

#### **4. Eer jou ouers deur hulle te dien.**

Jy minag jou ouers as jy hulle net dien as hulle dit van jou vra. Omdat jy daarvan uitgaan dat hulle die inisiatief moet neem, kan jy baie lank bly wag voordat jy optree. Jy let ook nie op of daar iets is wat jy sou kon doen om hulle te help nie. En as hulle jou vra om iets te doen, dan doen jy dit teësinig. Jy weier om jou jeugdige krag in te span om hulle las ligter te maak.

Hoe eer jy jou ouers op 'n positiewe manier? Oefen jouself om te sien waar jy kan dien, waar iemand jou hulp nodig het, en of jy iets kan doen wat niemand anders wil of kan doen nie. Neem die inisiatief om te dien en te help en moenie wag totdat jou ouers jou daarvoor vra nie. Ontwikkel dus goeie verhoudings tuis met jou broers en susters en help die take in die huis doen sonder dat jy daarvoor gevra moet word. Persone met wie jy omgaan en hoe jy jou gedra buite die huis het 'n groot invloed op hoe ouers oor hulleself voel.

#### **5. Eer jou ouers deur hulle lief te hê.**

Jy minag jou ouers as jy hulle alleen liefhet volgens die kultureel gevestigde reëls, soos om hulle minstens een maal 'n week te besoek, geskenkies aan hulle te gee en te doen wat hulle verlang. Jy minag jou ouers as jy nooit vir hulle vertel dat jy hulle waardeer nie, of iets doen wat jou dankbaarheid en waardering uitdruk. Jy doen hulle 'n oneer aan as jy ongeduldig is met hulle tekortkominge, ontaktvolle opmerkings maak oor hulle foute, hulle foute nooit vergewe nie, maar altyd vir hulle kwaad bly oor die foute. Dis alles maniere waarop jy aan jou ouers sê dat jy hulle nie liefhet nie. En as jou ouers nie Christene is nie, dan dra jy die volgende boodskap oor: "Omdat julle nie Christene is nie, het ons Christene julie nie lief nie en is julle menings van geen waarde vir ons nie!" As 'n seun of dogter 'n Christen word, is baie ouers bang dat hulle kind hulle nie meer sal liefhê nie en nie meer vir hulle sal sorg as hulle oud geword het nie. Elke liefdelose woord of optrede sal maar net die bang gedagtes en gevoelens van die ouers versterk. Al is dergelike reaksies van ouers onredelik, kan 'n seun of dogter baie doen om dit te voorkom.

As jy 'n Christen word, is jou nie-Christen ouers meestal bang dat die feit dat jy 'n Christen geword het op jou en ook op hulle 'n baie negatiewe uitwerking gaan hê. Hulle is bang dat jy slegter gaan studeer, dat jy nie 'n goeie werk gaan kry nie, dat jy geen sukses in jou lewe sal behaal nie, dat jy te min geld sal verdien en dus nie meer in staat sal wees om hulle op hulle ou dag finansiëel te ondersteun nie. Hulle vrees dat jy jou kultuur gaan verlaat, hulle gode en godsdienstige leiers baie kwaad gaan maak en skande oor jou hele familie gaan bring. Daarom reageer hulle baie negatief op die feit dat jy 'n Christen geword het en in sommige gevalle begin hulle jou te vervolg en probeer selfs om jou dood te maak.

Hoe eer jy jou ouers op 'n positiewe manier? Opregte christelike liefde gaan baie verder kom as die vroomheid wat die kultuur van kinders eis! Opregte christelike liefde het geduld met die tekortkominge van jou ouers en vergewe die kwaad wat hulle jou aangedoen het. Verduidelik aan hulle op 'n taktvolle wyse wat die christelike geloof is en bewys aan hulle dat jy daarteenoor eerder 'n meer verantwoordelike en liefdevolle mens geword het deur dit wat Jesus Christus vir jou gedoen het.

<b>5</b>	<b>GEBED</b> (8 minute)	<b>[REAKSIES]</b> <b>GEBED IN ANTWOORD OP GODS WOORD</b>
----------	-------------------------	---

*Bid* saam met mekaar in antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) tot God reageer op wat hy/sy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

Of verdeel die groep in groepies van twee of drie en bid saam met mekaar vir mekaar (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

<b>6</b>	<b>VOORBEREIDING</b> (2 minute)	<b>[OPDRAGTE]</b> <b>VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS</b>
----------	---------------------------------	--

*Deel* die voorbereiding vir die volgende geleentheid uit of laat die groep dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die studie oor die verhouding tussen kinders en ouers (of: Die Wet in die Ou Testament is vervul) met iemand anders of met 'n klein groepie.
2. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **Nehemia 4, 8, 9 en 10**. Maak gebruik van jou gekose Bybelvers- of gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge,.
3. Bybelstudie. Berei die volgende bybelstudie tuis. **(3) Efesiërs 6:10-20. Tema: Die geestelike stryd in die wêreld**. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets hierdie week en sien uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor aanbidding van God, jou stiltetyd en die verhouding tussen kinders en ouers.